OOSTELIKE SINODE

LAAT U RYK, HEER IN ONS, DEUR ONS ORAL KOM!

4 APRIL 2022

**HERSIENING VAN VERVOERTOELAAG INGESLUIT SAAM MET DIE RIGLYNE VIR VERGOEDINGSPAKKETTE VIR DIE FINANSIËLE JAAR 1 MAART 2022 TOT 28 FEBRUARIE 2023 UITGESTUUR OP 4 DESEMBER 2021**

Die Sinode wag jaarliks vir die SAID om hul reiskoste tabelle te publiseer sodat ons die riglyn vir die vervoertoelaag kan aanpas. Nadat ons bietjie met vorige jare se tabelle gewoeker het, glo ons dat ons 'n aanneemlike alternatief hiervoor gevind het, wat u dan tydens die begroting-, asook die verhogingsproses kan gebruik. Dan aanpassings deur die jaar onnodig, en die persone wat die salarisse hanteer hoef ook nie die spanning, wat hulle normaalweg gedurende die wagtyd deurgaan, te beleef nie.

Indien gemeentes verkies om die gepubliseerde syfers van die SAID te gebruik, is die vastekoste komponent R76,066 per jaar, en die lopende koste is R2.16 per kilometer. Hier volg voorbeelde van berekende vervoertoelaag gebasseer op die SAID se syfers:

| REISKOSTE GEBASSEER OP SARS SYFERS | | | | 216.0 |
|---|---|---|---|---|
| VERVOER- OF REISTOELAAG | | | | |
| AANTAL KM | LOOP KOSTE | VASTEKOSTE | TOTAAL P/J | TOTAAL P/M |
| 12 000 | 25 920 | 76 033 | 101 953 | 8 496 |
| 18 000 | 38 880 | 76 033 | 114 913 | 9 576 |
| 24 000 | 51 840 | 76 033 | 127 873 | 10 656 |

Indien die Sinode se syfers gebruik word, is die vastekoste komponent R76,471, en die lopende koste R1.86 per kilometer. Voorbeelde van berekende vervoertoelaag lyk dan so:

| REISKOSTE GEBASSEER OP SINODE SYFERS | | | | 185.3 |
|---|---|---|---|---|
| VERVOER- OF REISTOELAAG | | | | |
| AANTAL KM | LOOP KOSTE | VASTEKOSTE | TOTAAL P/J | TOTAAL P/M |
| 12 000 | 22 236 | 76 471 | 98 707 | 8 226 |
| 18 000 | 33 354 | 76 471 | 109 825 | 9 152 |
| 24 000 | 44 472 | 76 471 | 120 943 | 10 079 |

U sal merk dat die verskille baie klein is.

Hierdie is slegs riglyne, en gemeentes kan self kies watter hulle wil gebruik.

*Cathy Odendaal*
**BEDRYFSBESTUURDER**

*** Epos finans@sinoos.co.za * Tel 012 804 9543/4 * Faks 086 720 8742**